KAMP
NAKUPHI
2019

29 Julie 2019

Beste Nakuphi-vriend

Nakuphi Reünie

2019 is 'n groot jaar vir Nakuphi – die kamp vier sy 20ste bestaansjaar! Hierdie groot mylpaal is die resultaat van jare se harde werk deur honderde Voortrekkers wat sedert die jaar 2000 hulle Oktobervakansies saam spandeer. Hierdie jaar vier ons elkeen van dié mense wat al op een of ander stadium op Nakuphi gekamp het en só gehelp het om die kamp te laat groei tot waar dit vandag is.

Dit is vir my 'n voorreg om alle oud-Nakuphi kampers uit te nooi om vanjaar saam met ons hierdie belangrike verjaarsdag te vier. Nie net wil ons elkeen uitnooi om die 2019 kamp by te woon nie, maar in besonder die reünie wat plaasvind op die laaste dag van vanjaar se kamp (nadat die Verkennerbusse vertrek het). Dus word alle Offisiere uitgenooi om een dag langer as die amptelike kampdatum te bly en lekker saam te kuier.

Kampdatum	Saterdag, 21 September 2019 om 12:00 tot Saterdag, 28 September 2019 om 11:00
Reünie	Saterdag, 28 September 2019 om 15:00 tot Sondag, 29 September 2019 om 10:00
Verblyf	Elke persoon is verantwoordelik vir sy/haar eie tent
Etes	Elke persoon is verantwoordelik vir sy/haar eie vleis en drinkgoed vir Saterdagaand, 28 September. Bykosse sal verskaf word.
Koste	R100 per persoon per nag. *(Persone wat reeds die hele week saamkamp voeg slegs R100 by die kampfooi)*

Natuurlik is reüniegangers welkom om reeds vroeër by die kamp aan te sluit. Almal wat die reünie wil bywoon moet asseblief elektronies inskryf by https://inskrywings.voortrekkers.co.za. Kontak my asseblief by jaco@nakuphi.co.za of 072 312 7722 vir navrae of meer inligting.

Ek sien uit daarna om bekende gesigte by die reünie te sien!

Groete,

Jaco van der Walt
Kampleier

HOU KOERS

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL